# Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch

| | |
|---|---|
| Doel | Om beleid neer te lê om die gebruik van taal aan die Universiteit Stellenbosch te rig |
| Tipe dokument | Beleidsdokument |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Implementeringsdatum | 1 Januarie 2017 of so gou moontlik daarna |
| Hersieningsdatum/ hersieningsfrekwensie | Die Beleid verval ná vyf jaar. Die Beleid moet in die vyfde jaar waarin dit van toepassing is, hersien word. Indien die eienaar van die Beleid dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die toepassingstydperk hersien word. |
| Goedkeuringsdatum van vorige Beleid | 22 November 2014 |
| Eienaar van hierdie Beleid | Viserektor: Leer en Onderrig |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking |
| Goedkeuringsdatum | 22 Junie 2016 |
| Goedgekeur deur | Die Raad van die Universiteit Stellenbosch |
| Sleutelwoorde | beleid, institusionele kommunikasie, leer- en onderrigtale, meertaligheid, taal, taalbeplanning |

# Die kern van die Beleid

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing. Die Taalbeleid beoog om uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Grondwet wat betref taalgebruik in sy akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die Beleid streef daarna om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei en om pedagogies verantwoordbare onderrig en leer te fasiliteer. Aangesien ons kampusse in die Wes-Kaap geleë is, verbind ons onsself tot meertaligheid deur die provinsie se drie amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.

## 1. Inleiding

Aan die US is ons fokus op omgang met kennis. As deel van hierdie omgang hou die US rekening met die diversiteit van ons samelewing, wat ons taaldiversiteit insluit, sowel as die intellektuele rykdom wat in hierdie diversiteit opgesluit lê.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal dat daar nie onbillik teen enigiemand op verbode gronde gediskrimineer mag word nie. Dit bepaal voorts dat elkeen die reg het om, onderwys te ontvang aan openbare onderwysinstellings in die amptelike taal of tale van hulle keuse, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het.

Die Taalbeleid streef daarna om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei en om te verseker dat taalpraktyke pedagogies verantwoordbare onderrig en leer fasiliteer.

## 2. Die meertalige konteks

Die US volg 'n dinamiese proses om die instelling inklusief en divers te maak, wat insluit die gebruik van meer as een taal. Daarom skep die US geleenthede vir die bevordering van meertaligheid.

Die US is 'n nasionale bate, en sy studente en personeellede verteenwoordig die meeste van die taalgroepe in Suid-Afrika. Hoewel ons erken dat alle Suid-Afrikaanse tale as hulpbronne vir kommunikasie dien, kies ons om ons institusioneel te verbind tot die gebruikers van Afrikaans, Engels en isiXhosa, wat die drie amptelike tale van die Wes-Kaapprovinsie is.

Die kontekstuele oorwegings vir die gebruik van hierdie tale is soos volg:

### *Afrikaans*

Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die toepassing en verryking van die akademiese potensiaal van Afrikaans is 'n instrument om 'n groot en diverse gemeenskap in Suid-Afrika te bemagtig.

### *Engels*

Sprekers van die onderskeie Suid-Afrikaanse tale gebruik Engels om met mekaar te kommunikeer, en Engels het beduidende akademiese, bedryfs- en internasionale waarde. Daarom gebruik die US Engels deurlopend, maar nie uitsluitlik nie, in sy akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste.

### *IsiXhosa*

IsiXhosa word deur een van die grootste taalgemeenskappe in Suid-Afrika gebruik. Deur middel van spesifieke inisiatiewe dra die US by tot die bevordering van isiXhosa as ’n ontluikende akademiese taal benewens die uitbreiding van isiXhosa as ʼn interne kommunikasietaal.

## 3. Toepassing van die Beleid

Die Taalbeleid is van toepassing op alle fakulteite, steundiensafdelings, bestuursliggame, personeellede en studente van die US.

## 4. Doel van die Beleid

Die doel van die Taalbeleid is om taalbeplanning, taalbestuur en taalgebruik aan die US te rig.

## 5. Mikpunte van die Beleid

5.1 Om uitvoering te gee aan artikel 29(2) (taal in onderwys) en 29(1)(b) (toegang tot hoër onderwys) gelees in samehang met artikel 9 (gelykheid en die verbod op direkte en indirekte onbillike diskriminasie) van die Grondwet.

5.2 Om by te dra tot die verwesenliking van die US se Visie 2030, soos dit in die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie (2013–2018) vervat is, ten einde inklusiwiteit en billike toegang tot die US moontlik te maak vir alle voornemende en huidige studente en personeellede in die strewe na uitnemendheid.

5.3 Om doeltreffende leer en onderrig, navorsing, en dienslewering aan die US te fasiliteer.

5.4 Om meertaligheid as ’n belangrike onderskeidende kenmerk van die US te bevorder.

## 6. Beleidsbeginsels

Die Taalbeleid is gebaseer op die volgende twee normatiewe grondbeginsels, wat alle aspekte van die interpretasie en implementering van hierdie Beleid moet rig:

6.1 Taal aan die US behoort toegang tot en sukses in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste te bevorder, en behoort nie ’n hindernis vir studente of personeellede te wees nie. Dít is veral belangrik in die lig van die grondwetlike noodsaaklikheid om die gevolge van vorige rassediskriminasie reg te stel, en te verseker dat geen

direkte of indirekte onbillike diskriminasie teen huidige of voornemende personeellede en studente van die US plaasvind nie.

6.2 Alle aspekte van die Taalbeleid en die implementering daarvan in onderrig en leer behoort pedagogies verantwoordbare onderrig en leer te fasiliteer.

Die volgende beginsels moet ook in ag geneem word wanneer hierdie Beleid geïnterpreteer en die implementering daarvan gerig word:

6.3 Die US respekteer die tale wat studente en personeellede gebruik, en erken hulle taalvoorkeure en taalvaardigheidsvlakke.

6.4 Die US erken die komplekse rol van taal oor die algemeen, en van ons onderskeie tale in die besonder, in ons samelewing. Alle tale word as hulpbronne vir die doeltreffende opbou van kennis beskou.

6.5 Die US gebruik sy gekose tale op so ’n wyse dat dit alle studente, personeellede en ander belanghebbendes insluit.

6.6 Die US erken dat akademiese geletterdheid en die gebruik van akademiese taal uit stelle komplekse praktyke bestaan wat verband hou met die wyse waarop dissiplines kennis skep. Hierdie praktyke word die beste ontwikkel binne die kontekste van akademiese dissiplines en hulle betrokke vakgebiede.

6.7 Die US vestig gepaste taaldienste en dienste vir die ontwikkeling van akademiese personeellede om die implementering van die Taalbeleid te ondersteun.

6.8 Die Taalbeleid en die implementering daarvan word gerig deur wat in spesifieke kontekste redelikerwys uitvoerbaar is. Faktore wat oorweeg moet word, sluit in, dog is nie beperk nie tot, die aantal studente wat sal baat vind by ’n spesifieke wyse van implementering, die taalvaardigheid van die betrokke studente, die beskikbaarheid en taalvaardigheid van personeellede, rooster- en lokaalbeperkings, sowel as die US se beskikbare hulpbronne en die mededingende aansprake op daardie hulpbronne.

6.9 Die implementering van die Taalbeleid pas aan by die veranderende taaldemografie en taalvoorkeure van studente en personeellede.

# 7. Beleidsbepalings

Die Beleidsbeginsels hierbo gee aanleiding tot die volgende bindende Beleidsbepalings:

## 7.1 Leer en onderrig

7.1.1 Afrikaans en Engels is die US se tale van leer en onderrig. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur ’n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word.

7.1.2 Voorgraadse modules word aangebied deur enige van die maatreëls wat in 7.1.3, 7.1.4 en 7.1.5 hieronder uiteengesit word.

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van albei taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie binne programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing intydse tolking beskikbaar. Gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking op versoek van ’n fakulteit beskikbaar, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings in slegs een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US intydse tolking in Engels beskikbaar. Indien die lesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans beskikbaar, en gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking beskikbaar op ’n fakulteit se versoek, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

(b) Benewens lesings, is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels.

7.1.5.3 Waar alle studente in die klasgroep uitgenooi is om deur middel van ’n geheime stembrief te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistente die nodige taalvaardigheid het en instem om dit te doen.

7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings ’n verskeidenheid IKT-gesteunde leerstrategieë, wat insluit podsendings en vodsendings van lesings, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir verdere vaslegging van konsepte en vir hersieningsdoeleindes.

7.1.7 Die leermateriaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel:

7.1.7.1 Alle verpligte leesstof word in Engels voorsien, behalwe waar die module oor die taal self handel.

7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.

7.1.7.3 US-moduleraamwerke en -studiegidse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

7.1.8 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk indien in Afrikaans of Engels.

7.1.9 In nagraadse leer en onderrig, wat finalejaarmodules op NKR-vlak 8 insluit, kan enige taal gebruik word, met dien verstande dat al die betrokke studente vaardig genoeg in daardie taal is.

7.1.10 Die volgende maatreëls word getref vir persone met spesiale leerbehoeftes/gestremdhede:

7.1.10.1 Waar studente of personeellede alternatiewe tekste soos Braille- of vergrote tekste nodig het om te kommunikeer en om inligting te verstaan, en sodanige tekste is nie beskikbaar nie, behoort die betrokke personeellid met die Braille-kantoor van die US te skakel om die tydige beskikbaarstelling van die alternatiewe tekste te reël.

7.1.10.2 Aangesien Suid-Afrikaanse Gebaretaal die hoofkommunikasiemiddel vir sommige Dowe mense is, is ’n gebaretaaltolk en/of intydse voorsiening van onderskrifte gedurende lesings, tutoriale en die vernaamste openbare US-geleenthede beskikbaar, waar dit vereis word en redelikerwys uitvoerbaar is.

7.1.10.3 Hierdie bepalings is onderworpe aan die US se Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoeftes/Gestremdhede.

7.1.11 Fakulteite kan in spesifieke gevalle van die Beleidsbepalings in paragraaf 7.1 afwyk, maar slegs as die afwyking:

7.1.11.1 Met die beginsels van hierdie Beleid strook; en

7.1.11.2 Geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne wat die Universiteit beskikbaar stel, deur pedagogiese oorwegings of deur fakulteitspesifieke oorwegings; en

7.1.11.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat, of, in dringende gevalle, deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat goedgekeur word.

**7.2 Interne institusionele kommunikasie**

7.2.1 Dokumente van die hoogste belang (byvoorbeeld beleide en strategiese Menslikehulpbronne-dokumente rakende diensvoorwaardes) word in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel. Die res van die dokumente word in Afrikaans, Engels of isiXhosa beskikbaar gestel na gelang van die taal van die teikengehoor.

7.2.2 Die taal van skriftelike kommunikasie in fakulteite en afdelings (byvoorbeeld agendas en uitdeelstukke) en by vergaderings hang af van die taalbehoeftes van die lesers of deelnemers (wat personeellede en studente insluit), met dien verstande dat niemand deur die kommunikasietaal uitgesluit word nie.

7.2.3 Mondelinge of skriftelike navrae en versoeke deur studente en personeellede word, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, in die taal van die navraag of versoek hanteer.

7.2.4 Afrikaans, Engels en isiXhosa word oordeelkundig by amptelike geleenthede soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede en intreeredes gebruik.

7.2.5 In koshuise en ander leefomgewings word taal op so ŉ wyse gebruik dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, geen belanghebbende uitgesluit word van deelname aan enige formele aktiwiteite in hierdie omgewings nie.

7.2.6 Die volgende bepalings geld vir die gebruikerskoppelvlakke van inligtingstegnologie- (IT-)programmatuurstelsels, mobiele toepassings en webinhoudsbestuurstelsels:

7.2.6.1 Waar meertalige gebruik redelikerwys uitvoerbaar is (byvoorbeeld waar die US die ontwikkeling van die programmatuurproduk kan beïnvloed, of waar die produk meertaligheid ondersteun, of die US self die produk bou), ondersteun die US Afrikaans en Engels, na gelang van die gebruiker se taalvoorkeur.

7.2.6.2 Waar kommersiële pasklaar programmatuurtoepassings aangewend word wat nie meertalige gebruik ondersteun nie, is Engels die verstektaal.

7.2.6.3 Waar die gebruiker se taalvoorkeur onbekend is, is die verstektaal Engels.

7.2.7 Die volgende bepalings geld vir inligtingstelseldata:

7.2.7.1 Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, behoort inligtingstelseldata wat op ’n individu betrekking het meertalig te wees.

7.2.7.2 Waar die dataontwerp vir meertaligheid voorsiening maak en dit haalbaar is, behoort die verwante gebruikerskoppelvlakke vir die vaslegging van data meertalige datavaslegging te ondersteun.

7.2.7.3 Waar die dataontwerp slegs vir een taal voorsiening maak, word Engels gebruik.

7.2.7.4 Vir alle ander data word Engels gebruik.

**7.3 Eksterne kommunikasie**

7.3.1 Die US se tale vir eksterne kommunikasie is Afrikaans en Engels en, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, isiXhosa.

7.3.2 Die US respekteer die taalbeleide en taalvoorkeure van sy belanghebbendes, vennote en eksterne korrespondente. Dít beteken dat amptelike kommunikasie en vergaderings met hulle oor die algemeen in hulle voorkeurtaal is of dat die nodige taaldienste (byvoorbeeld vertaal- of tolkdienste) voorsien word.

7.3.3 Waar die US nie oor die vermoë beskik om aan ’n taalvoorkeur te voldoen nie, is Engels die kommunikasiemiddel.

7.3.4 IT-koppelvlakke vir belanghebbendes word soos in paragraaf 7.2.6 hanteer. Voorbeelde is gebruikerskoppelvlakke vir alumni, skenkers en ouers of voogde.

**7.4 Taalbeplanning**

7.4.1 Die Viserektor: Leer en Onderrig kom jaarliks met die dekane van die fakulteite ooreen oor meganismes om aanspreeklikheid vir die implementering van hierdie Beleid te verseker, wat ten minste insluit die jaarverslag oor die fakulteit se verwesenliking van sy Taalimplementeringsplan soos wat paragraaf 8.1 beoog, en die voldoeningsverslag wat ná elke semester ingedien word soos wat paragraaf 8.3 beoog, met behoorlike inagneming van die Beleidsbeginsels wat in paragraaf 6 en paragraaf 7.4.1.1 en 7.4.1.2 hieronder uiteengesit word. Teen nie later nie as die laaste vergaderings van die Raad en Senaat vir elke jaar doen die Viserektor: Leer en Onderrig, via die Rektor se Bestuurspan en die Senaat, aan die Raad verslag oor die aanspreeklikheidsmeganismes waaroor daar vir die daaropvolgende jaar met die dekane van die fakulteite ooreengekom is.

7.4.1.1 Die Engelse aanbod word opwaarts aangepas ten einde volle toeganklikheid tot die US te bewerkstellig vir akademies verdienstelike voornemende en huidige studente wat verkies om in Engels te studeer.

7.4.1.2 Die Afrikaanse aanbod word bestuur ten einde toegang tot die US te handhaaf vir studente wat verkies om in Afrikaans te studeer en om Afrikaans verder te ontwikkel as ’n onderrigtaal, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.

7.4.2 Elke fakulteit en steundiensafdeling beskryf sy implementering van hierdie Beleid in sy Taalimplementeringsplan.

7.4.3 Elke fakulteit hersien ten minste jaarliks sy gebruik van taal vir leer en onderrig, en neem telkens die taalreëlings in sy Fakulteitstaalimplementeringsplan op. Hierdie Plan word aan die Senaat voorgelê via die fakulteitsraad en die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat. Die Senaat is by magte om die fakulteit se Taalimplementeringsplan hetsy te aanvaar of na die fakulteit terug te verwys. Ná aanvaarding word die taalreëlings vir leer en onderrig in ’n bepaalde module in die betrokke moduleraamwerke gepubliseer.

7.4.4 Veranderinge aan die taalreëlings in die fakulteit se Taalimplementeringsplan wat buite die gereelde hersieningsproses val, maar genoodsaak word deur, byvoorbeeld, ’n spesifieke studentegroep se voorkeuronderrigtaal, pedagogiese oorwegings of die onbeskikbaarheid van ’n dosent met die nodige taalvaardigheid, kan aangebring word deur die betrokke departementshoof en dekaan, ná oorlegpleging met die fakulteitstudentekomitee. Hierdie veranderinge word by die volgende fakulteitsraad- en Senaatsvergaderings voorgelê. Die studente in die spesifieke modules word so gou prakties moontlik van hierdie veranderinge en die redes daarvoor ingelig.

7.4.5 Elke steundiensafdeling hersien gereeld sy gebruik van taal en neem die taalreëlings in die Taalimplementeringsplan van daardie bepaalde afdeling op. Hierdie planne word deur die betrokke lynbestuurders en die Rektor se Bestuurspan goedgekeur.

### 7.5 Bevordering van meertaligheid

7.5.1 Die Taalsentrum, fakulteite, taaldepartemente, steundienste en bestuursliggame is medeverantwoordelik vir die bevordering van meertaligheid aan die US.

7.5.2 Die US moedig innoverende meertaligheidspraktyke aan deur institusionele finansiering te voorsien vir, byvoorbeeld, die uitbreiding van onderrig in meer as een taal in fakulteite; die uitvoering van navorsing; die uitruil van beste meertaligheidspraktyke; IKT-gesteunde leerstrategieë, en dissipline-spesifieke inisiatiewe vir akademiese geletterdheid.

7.5.3 Die US bevorder die akademiese potensiaal van Afrikaans deur middel van, byvoorbeeld, onderrig; die uitvoering van navorsing; die aanbieding van simposiums; die aanbieding van kortkursusse; steun aan taalonderwysers en die ontvangs van gasdosente in Afrikaans; die aanbieding van kursusse in Afrikaans-taalverwerwing; die ontwikkeling van akademiese en professionele geletterdheid in Afrikaans; die ondersteuning van lees- en skryfontwikkeling in Afrikaans; die voorsiening van taaldienste, wat insluit vertaling in

Afrikaans en die redigering en dokumentontwerp van Afrikaanse tekste; die ontwikkeling van meertalige woordelyste met Afrikaans as een van die tale, en die bevordering van Afrikaans deur populêrewetenskappublikasies in die algemene media.

7.5.4 IsiXhosa as ’n ontluikende formele akademiese taal geniet besondere aandag met die geleidelike bekendstelling daarvan in uitgesoekte dissiplinêre domeine as doel, geprioritiseer in ooreenstemming met studentebehoeftes op ’n goed beplande, goed georganiseerde en sistematiese wyse. Die akademiese rol en leierskap van die Departement Afrikatale, deur dié departement se uitgebreide ervaring in sowel onderrig as navorsing op ’n gevorderde vlak in taal- en taalkundige velde sal ten volle ingespan word. In sekere programme word isiXhosa reeds gebruik met die oog op die fasilitering van doeltreffende leer en onderrig, veral waar die gebruik van isiXhosa vir loopbaandoeleindes belangrik kan wees. Die US is verbind daartoe om die gebruik van isiXhosa uit te brei, tot die omvang wat dit redelikerwys uitvoerbaar is, byvoorbeeld deur kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir personeel en studente, loopbaanspesifieke kommunikasie, dissipline-spesifieke terminologiegidse (gedruk en mobiele toepassings) en fraseboekies.

### 7.6 Steun

Die Taalsentrum voorsien taalsteundienste met die oog op die doeltreffende implementering van die Taalbeleid, in samewerking met fakulteite, steundiensafdelings en bestuursliggame, deur die voorsiening van, byvoorbeeld, lees- en skryfontwikkelingsteun; taaldienste, wat vertaal-, tolk- en redigeerdienste insluit; modules in professionele kommunikasie, akademiese geletterdheid en taalverwerwing, en navorsing. Die fakulteite, steundiensafdelings en bestuursliggame kan, ná oorlegpleging met die Taalsentrum, ook hulle eie taalsteun voorsien.

## 8. Terugvoer, monitering en konflikbeslegting

8.1 Elke fakulteit, verantwoordelikheidsentrum en die Studenteraad dien een keer per jaar ’n verslag by die Rektor se Bestuurspan in, teen ’n datum wat die Viserektor: Leer en Onderrig bepaal, wat die volgende uiteensit:

8.1.1 Enige struikelblokke wat die betrokke omgewing met die implementering van die Taalbeleid ervaar het;

8.1.2 Enige meganismes, strategieë of tegnieke wat die implementering van die Beleid verbeter het of die doelwitte van die Beleid beter kan bevorder; en

8.1.3 Enige voorstelle vir wysigings aan die Beleid.

8.2 Die Viserektor: Leer en Onderrig berei ’n jaarverslag vir die Senaat en die Raad voor wat die terugvoer hierbo in ag neem. Die doelwitte van die verslag is onder meer die hantering van probleemareas en die uitruil van kennis binne die Universiteit.

8.3 Elke fakulteit doen ná die einde van elke semester skriftelik aan die Viserektor: Leer en Onderrig verslag oor die fakulteit se voldoening aan sy Taalimplementeringsplan gedurende daardie semester. Die verslag beskryf elke geval van nievoldoening sowel as die redes daarvoor volledig, tesame met die stappe wat die fakulteit doen of sal doen om toekomstige afwykings van die Taalimplementeringsplan te verhoed.

8.4 Studente wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die Taalbeleid behoort die volgende prosedures te volg:

8.4.1 In die geval van implementering deur fakulteite word klagtes aanhangig gemaak soos wat die betrokke fakulteit se appèl-/ klagteprosedure voorskryf of, by gebrek aan sodanige prosedure en in voorkeurorde, by die betrokke personeellid, die betrokke departementele voorsitter of departementshoof, of die dekaan. Indien die klagtes nie op fakulteitsvlak bevredigend opgelos word nie en dit hou met akademiese kontekste verband, kan studente die klagtes via die Studente Akademiese Belangeraad na die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) verwys, en indien dit nie deur die ABK opgelos kan word nie, verwys die ABK die aangeleentheid na die Senaat, met ’n aanbeveling.

8.4.2 In die geval van implementering deur steundienste word klagtes aanhangig gemaak by die betrokke hiërargie van lynbestuurders of, in die geval van die groter Universiteit, by die Rektor se Bestuurspan via die dagbestuur van die Studenteraad.

8.4.3 In die geval van implementering in studenteleefomgewings word klagtes aanhangig gemaak by die huiskomitee of die betrokke inwonende hoof. Indien die klagtes nie op universiteitskoshuis- of privaatstudentewykvlak bevredigend opgelos word nie, kan studente die klagtes na die Senior Direkteur: Studentesake verwys.

8.4.4 In gevalle waar die gebruik van die genoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes aan die US-ombudspersoon voorgelê word vir beslegting in oorleg met die betrokke strukture.

8.5 Personeellede wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die Taalbeleid behoort die volgende prosedures te volg:

8.5.1 In geval van implementering deur fakulteite word klagtes aanhangig gemaak by, in voorkeurorde, die betrokke departementele voorsitter of departementshoof, of die dekaan.

8.5.2 In die geval van implementering deur steundienste word klagtes aanhangig gemaak by die betrokke hiërargie van lynbestuurders of, in die geval van die groter Universiteit, by die Rektor se Bestuurspan via die Viserektor: Leer en Onderrig.

8.5.3 In gevalle waar die gebruik van die genoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes aan die US-ombudspersoon voorgelê word vir beslegting in oorleg met die betrokke strukture.

## 9. Beleidsbeheer

Die Taalbeleid word deur die Raad goedgekeur met die instemming van die Senaat en ná oorlegpleging met die Institusionele Forum.

Die eienaar van die Beleid is die Viserektor: Leer en Onderrig. Die Viserektor doen jaarliks aan die Raad verslag oor sake rakende die Beleid, via die Rektor se Bestuurspan, die Senaat en die Taalkomitee van die Raad.

Die Viserektor kan ’n Taalbeplanning-en-bestuursprojekspan aanwys, en aan hierdie span take toeken om uit te voer. Die kurator van die Beleid is die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking, wat die Viserektor ondersteun.

## 10. Hersiening

Taalbeleidsvorming en -implementering is dinamiese prosesse.

Die Viserektor: Leer en Onderrig:

10.1 Fasiliteer die toetsing van die Taalbeleid aan die hand van veranderende omstandighede deur navorsing oor die implementering, monitering en impak van die Beleid;

10.2 Fasiliteer gereelde oorlegpleging met die groter US-gemeenskap oor sake rakende die Taalbeleid;

10.3 Publiseer inligting wat uit sodanige navorsing en oorlegpleging spruit; en

10.4 Inisieer wanneer hy of sy dit ook al nodig ag, en hou toesig oor, ’n hersiening van die Taalbeleid met die oog op die moontlike wysiging of vervanging daarvan.

Die Taalbeleid verval vyf jaar ná die implementeringsdatum daarvan. Onderworpe aan (10.4) hierbo, moet die Beleid gedurende sy vyfde jaar van toepassing hersien word.

## 11. Openbaarmaking

Die Taalbeleid is ’n openbare dokument en word op die webwerf van die Universiteit gepubliseer.

## 12. Herroeping

Die Taalbeleid herroep en vervang die Taalbeleid en Taalplan wat die Raad op 22 November 2014 aanvaar het.

## 13. Verwysingsdokumente

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000

Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997

Wet op die Gebruik van Amptelike Tale 12 van 2012

Nasionale Taalbeleid vir Hoër Onderwys (2002)

Konseptaalbeleid van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (2016)

Die US se Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoeftes/Gestremdhede